
# 352 O kon ek jubel Hemelvader




O kon ek U besing na waarde tot waar die son sy baan beskryf,
en sterre, ver bokant die aarde, geruisloos meld u heerlikheid!
O kon ek tog die lof besing wat ek so graag aan U wil bring!

Laat alles wat op aarde lewe, die berge, bosse, see en meer,
my onvolkome lof en bede in stilte aanvul, tot u eer!
Saam sal ons oor u goedheid juig; aan U ons dankbaarheid betuig.

My swakke dank- en smeekgebede - wil dit genadig, Heer, aanvaar.
Eens neem ek, swerwer in die hede, my plek in by die engelskaar.
Dan jubel ek, verlos, o Heer, met lofgesange tot u eer!

Johann Mentzer (1658-1734) J. B. König (1738)